
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

DIE HEILIGHEID VAN GOD

Ons sien dat God nie net LIEFDE het nie, maar dat Hy LIEFDE IS! Sy Liefde kan nie beïnvloed word nie, dit is ewig, dit is nie 'n emosie nie, dit is heilig, dit is volmaak, dit verdryf die duiwel, die Kruis is die hoogste uitdrukking van hierdie liefde en GOD VERLANG (EIS) DAT SY KINDERS IN HIERDIE LIEFDE MOET WANDEL (LEWE). Ons het die volgende belydenis (wat ek vertrou jy daagliks sal bely met jou mond en glo met jou hart).

Ek is die tempel van God. Dit beteken dat ek 'n tempel van liefde is: 'n heilige gebou, 'n geestelike huis. Ek is die woonplek van God. Dit beteken dat ek 'n liefdeshuis is: 'n houer van liefde. Ek is 'n liefdeskind. Ek dien 'n God van Liefde. Die liefde van God vloei ongehinderd deur my. Dit is Goddelike Liefde. Ek kan hierdie liefde nie wegsteek of keer nie, daarom vloei dit van my uit.

Ek gaan in hierdie liefde van God, waar ek ookal gaan en dit maak nie saak wat ander aan my doen of hoe liefdeloos hulle teenoor my is nie, ek KIES om hulle lief te hê en ek bevestig my keuse met my DADE.

Die karaktertrek van God wat ons hierdie keer oor gaan praat is die HEILIGHEID VAN GOD.

Die Hebreeuse woord vir heilige is kadesh en die grondliggende mening is OM AF TE SONDER, of EENKANT TE PLAAS. So kry ons dat die mense van die Ou Testament baie dinge AFGESONDER of GEHEILIG het. Die tabernakel, die tempel, die priesterdom.

Met betrekking tot God beteken hierdie afsondering dat Hy afsonderlik en verhewe is bo alles en almal in die ganse heelal.

1 Sam. 2:2: Niemand is HEILIG soos die Here nie, ja, daar is niemand buiten U, en daar is geen rots soos onse God nie. Openb. 15:4: Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is HEILIG; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige dade openbaar geword het. 1 Joh. 1:5: En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is LIG, en geen duisternis is in Hom nie.

God is dus geheel en al HEILIG, en ook SUIWER en REIN. Daar is geen sonde of duisternis in Hom nie. Satan is die een vol duisternis en hy doen ook sy bose werke in die duister. Maar wanneer die lig in die duisternis skyn, verdwyn die duisternis! God se Lig laat sonde verdwyn.

Ons weet dat God se Hand gesien word as Sy Krag en Mag. Sy Oog word gesien as Sy Alwetenheid, Ewigheid as Sy Tydsbestek, maar HEILIGHEID IS SY WESE! En Sy Heiligheid word met Sy Skoonheid verbind.

Ps. 27:4: Een ding het ek van die Here begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die Here, om die LIEFLIKHEID van die Here te aanskou en te ondersoek in Sy tempel.

Dit wat God lieflik maak, is Sy Heiligheid. In 'n sonde toestand wil die mens maar altyd wegbeur van God af, maar Sy Heiligheid, wat Sy Skoonheid is, trek die sondaar aan en wys die aakligheid van sonde! Die Kind van die Here verlang om al die tyd hierdie LIEFLIKHEID van die Here te aanskou! Hierdie karaktertrek van God, nl. Sy Heiligheid, word meer kere na verwys in die Bybel as na enige van Sy ander

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die Heiligheid van God…)
karaktertrekke. Sy Naam word voortdurend gemeld as **"Sy Heilige Naam," nie Sy Almagtige Naam of Skone Naam nie.**

Hierdie NAAM is uiters belangrik, want ons weet dis in hierdie NAAM wat elke knie moet buig. Omdat al God se karaktertrekke ook saamgevat en gekonsentreer was in Sy Seun, Jesus Christus, is die NAAM VAN JESUS ook die Naam waarvan duiwels vlug en siekes genees word.

Jes. 6:3: En die een (seraf) het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here van die leerskare. Die hele aarde is van Sy heerlikheid vol!

Waar God geloof en geprys word is dit weereens SY HEILIGHEID wat besing word. Let ook op in **Openb. 4:8** waar God vereer word deur die vier lewende wesens om Sy Troon, was hulle uitroepe:

Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!

Die Heiligheid is die heerlikheid van God en Heiligheid is die heerlikheid van elke karaktertrek van God. Soos Sy Krag die sterkte van Sy karaktertrekke is, so is Heiligheid die skoonheid daarvan. Net soos al God se karaktertrekke verswak sou wees sonder Sy Heiligheid wat hulle versier. As God se karaktertrek van Heiligheid met die kleinste persentasie besoedel sou word, sal al die ander karaktertrekke hulle krag verloor. Dink maar aan die son: as dit sy lig sou verloor, sou dit sy krag, energie en skoonheid verloor.

God se Geregtigheid is Heilige Geregtigheid – Sy Wysheid is Heilige Wysheid – Sy Mag is Heilige Mag **(Ps. 98:1) –** Sy Waarheid is Sy Heilige Beloftes **(Ps. 105:42).** Sy Naam, wat verteenwoordigend is van AL SY karaktertrekke, is Heilig **(Ps. 103:1).**

Baie gelowiges dink die Naam van Jesus is 'n towerformule.

Dit het slegs krag as dit gebruik word deur iemand wat bekend is met die karaktertrekke van die God wat daardie Naam verteenwoordig. Petrus was beslis so 'n persoon en hy het daardie Naam met GESAG gebruik. Let op wat sê hy in **Hand. 5:41: Hulle het toe van die Raad af weggegaan, bly dat hulle waardig geag was om vir SY NAAM oneer te ly.**

Loof die Here, o my siel, en alles wat binne-in my is, SY HEILIGE NAAM! (Ps. 103:1)

Dis van uiterste belang dat ons hierdie HEILIGHEID van God sal begryp, want dis of ons in hierdie moderne tyd 'n oppervlakkige begrip daarvan en daarteenoor het. Tog behoort ons dit na te strewe en dit te soek en die integriteit daarvan te eer.

God se Heilige Teenwoordigheid was by Sy dissipels in die tyd van Handelinge, daarom het kreupeles geloop, blindes gesien en het tronkdeure vir hulle oopgegaan. Dwarsdeur die geskiedenis was dit so dat voordat 'n geestelike herlewing plaasvind, was daar eers 'n honger na heiligheid: na 'n afsondering van sonde, na 'n ondervinding van God se Heiligheid! Soek ons nie tevergeefs na herlewing sonder eers heiligmaking nie!?

GOD SE HEILIGHEID MANIFESTEER IN SY WERKE

Ps. 145:17: Die Here is regverdig in al sy weë en goedgunstig in al Sy werke. (Die Engelse vertaling lui: **and HOLY in all His works).**

Ons het gesien dat God GOED is, en 'n Goeie God maak net GOEIE GOED. Dit word ook bevestig in **Gen. 1 en 2** waar God alles geskape het en elke dag daarop kon heen kyk en besluit dat dit GOED was. Euwels en ellende kom uit Satan se hand en hart uit!

GOD SE HEILIGHEID MANIFESTEER IN SY WET.

Ps. 19:8 en 9: Die wet van die Here is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van die Here is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige.

Die bevele van die Here is reg: hulle verbly die hart; die gebod van die Here is suiwer, dit verlig die oë.

Rom. 7:12: Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed.

So sien ons dat, omdat Sy wet HEILIG is, dit van ons heiligheid verwag; Sy wet is SUIWER, daarom, verwag Hy van ons suiwerheid, reinheid. Nou is dit nie my doel om hier 'n lys te voorsien van al die dinge en plekke waar die kind van die Here BESOEDELING optel nie, maar laat jou eie gedagtes gaan in daardie rigting en jy sal self ondervind hoe God se Gees dinge vir jou uitwys.

Kom ons neem maar net die voor-die-hand-liggende: die TELEVISIE. Paulus sê ons moet najaag dit wat tot vrede en STIGTING (opbouing veral geestelik) dien **(Rom. 14:19).** Hoeveel van die programme waarna jy kyk op TV bou jou geestelik op, of gee jou vrede? Is die meeste nie dalk besoedeld en afbrekend nie?

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die Heiligheid van God..)

GOD SE HEILIGHEID WAS GEMANIFESTEER AAN DIE KRUIS.

Heb.1:13: U, wat te rein is van oë om die kwaad aan te sien en die onreg nie kan aanskou nie.

God HAAT alle sonde. Die enigste manier waarop God sonde kon straf en die sondaar laat vrygaan, was deur Sy Heilige Seun te gee as Soenoffer.

So sien ons hoe haatlik en afstootlik sonde vir God is deurdat Hy dit tot die uiterste gestraf het deur dit op Sy Seun te plaas en toe die hartverskeurende uitroep vanaf die Kruis: **"My God, my God, waarom het U my verlaat?"**

God vergewe sondaars, maar nie sonde nie. Dit moet gestraf word deur die dood. Die sondaar word slegs vergewe op grond van Iemand anders wat sy straf gedra het.

…… en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie (Heb. 9:22).

Omdat God absoluut HEILIG is, is dit vir die mens onmoontlik om deur Hom aanvaar te word op grond van sy werke, aangesien al die mense se dade, selfs sy bestes, gekontamineer is deur sy sondige natuur, wat in teenstelling is met God **(Jes. 64:6).**

'n Slegte boom bring slegte vrugte voort **(Matt. 12),** tog, dit wat God se Heiligheid verlang, het Sy genade vir ons voorsien in Christus, sodat IN HOM elke berouvolle sondaar **"Begenadig is in die Geliefde" (Ef. 1:6).**

God se Kind het dus geen rede of verskoning om minder heilig te wees as God nie: Hy is HEILIG, daarom moet ons HEILIG wees.

Waarom hou mense dan vas aan sonde? Waarom word hulle nie verlos nie? Is dit maar die ou probleem van ONGEHOORSAAMHEID aan Sy opdragte? Lippediens aan Hom?

Kyk net watter dure prys het Hy betaal op Golgota omdat Hy sonde haat en ONS LIEFHET!

ONS IS GEROEP OM HEILIG TE WEES SOOS GOD.

1 Pet. 1:15-16: Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig.

Lev. 19:2: Spreek met die hele vergadering van die kinders van Israel en sê vir hulle: Heilig moet julle wees, want Ek, die Here julle God, is heilig.

Ef. 1:4: soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees.

2 Pet. 3:11: Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie?

Daar is dan God se OPDRAGTE: is ons GEHOORSAAM? As jy kyk na **1 Pet. 2:9** sal jy lees dat ons 'n HEILIGE VOLK IS m.a.w. die dag wanneer jy wedergebore word, word die Heiligheid van God in jou geplaas, maar nou is dit jou taak om dit uit te werk in jou lewe sodat jou lewenswandel heilig kan wees. Onthou, ons het aan die begin gesê dat HEILIGHEID beteken "afgesonder" en "toegewy". Werk dus jou heiligheid uit deur "afgesonder" te wees in jou optredes, lewenswyses, gedagtes en woorde. Moenie skrik en dink dat jy nou in 'n EIENAARDIGE mens moet verander wat alleen in 'n kamer woon sonder enige kontak met die samelewing nie. Inteendeel, die persoon wat IN hierdie lewe sy wandel en gedagtes aan God wy, is 'n aangename geur van die LEWE van Christus in hierdie ou vervalle en ellendige lewe!

God sal Homself aan ons openbaar as ons ons afsonder vir heilige dinge en mense, en onsself aan Hom wy. Maar let op, hierdie HEILIGHEID wat ons van praat, is nie 'n wetlike gebondenheid soos bv. geen TV, geen grimering, geen dit en geen dat nie! Soos ons reeds gesê het moes jy KIES om jou besig te hou met dinge wat jou stig en ophef, en as daar so iets op die TV is of in die bioskoop, KYK!

'n Vrou wat haar skoonheid beklemtoon deur grimering en mooi klere MET DIE REGTE HARTSMOTIEWE, is beslis nie ONHEILIG nie! Daar is baie mense wat vashou aan die tradisionele sogenaamde "heiligmakings-kode" van smaak nie en raak nie na die uiterlike, maar die oomblik wat hulle praat, kom daar allerhande gemors by hulle monde uit, om nie eers te praat van die gedagtes wat net God van weet nie!

Heiligheid en heiligmaking is nie 'n stel uiterlike reëls nie. Dis nie wat jy DOEN nie, maar wat jy IS!

Heb. 12:14: Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie.

Jy IS heilig, Kind van God: jaag dit nou na – werk dit nou uit in jou lewe!

1 Kor. 1:30: Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en HEILIGMAKING en verlossing. ·

SETTING THE CAPTIVES FREE

We, at the Stanger Christian Centre receive so many requests daily, calls from people all over the country, asking us to pray for their problems, and for the needs of their loved ones, and we count it a privilege to do so. Each person is precious to the Lord and therefore to us, so we consider every letter, fax, phone call and email as being of the utmost importance. Every morning, when we take communion, we pray and bring these needs before the Lord, asking Him to intervene in each situation by the power of His Holy Spirit, in the mighty name of Jesus, and of course we rejoice together when we receive the testimonies of answered prayers. God is faithful and His mercy knows no end. Jesus promised us: **You can pray for anything, and if you have faith, you will receive it (Matt. 21:22).** He always answers the prayers of those with faith filled hearts, and sets the captives free! He does far, far beyond what we can even hope or dream, and He alone gets all the honour and glory!

Of late, we have become aware of the increasing number of requests for prayer for people suffering with severe depression and a tormented mind, combined with a persistent feeling of despair, helplessness and hopelessness. Many say that nothing they do seems to remove their desperate sense of defeat, and their lack of desire to carry on. To them, each day looms ahead as bleak and gloomy, and they do not know how they are going to make it through the long dismal hours that lie before them. They say that when the depression hits them, they have great difficulty in getting themselves out of bed in the morning, as this dark cloud hovers relentlessly over their head.

I really feel deep compassion for those who have been caught up in such mental anguish, and are trying bravely and valiantly to face each new day, never knowing when this condition will strike, constantly bombarding them with irrational, negative thoughts which lead to plans of how to "end it all". Darkness seems to surround them and they see no way out of their depths of despair. Some have battled so hard and for so long in their given situation, that they just want to give up altogether. Many, sadly isolate themselves because of their desire to be alone in their misery, on their own with their problem, and eventually become asocial.

At this point in their life, I wish I could be there to assure them that there IS a way out, a way forward, a way of peace and joy. I would introduce them to their Healer, their Deliverer, the One who is able and willing to set them free from all their torment because He made them, loves them with an everlasting love, and is just waiting for them to run to Him. His name is Jesus, and He is our Living God. Take heart, right now, all those of you who are suffering in this way, because Jesus has the solution you have been looking for, in Him you will be able to say: **You light a lamp for me. The Lord, my God, lights up my darkness. In your strength I can crush an army; with my God I can scale any wall. (Psalm:18:28-29).**

But let's first get an insight into the problem you are facing, and we will deal with the cure.

How did this condition come about, where did it start? This demonic torment that engulfs its victim, usually has its origin in some or other form of disappointment. Disappointment because of circumstances that have affected your life, and have caused your present situation. This may have begun due to the loss of a loved one, or with a situation that resulted in deep despair and grief. It may have started with any of the following: bad news concerning a medical report, a failed business transaction, the betrayal of a close friend thought to have been trustworthy, the betrayal of a spouse, parent or loved one, a beloved child who has become wayward and is now living far from God, or heavy financial problems with nowhere to turn. All these leave the sufferer with a sense of guilt, failure and unfulfilled hopes and dreams. It may involve wrong personal choices you have made and now bitterly regret.

Depression can also be inherited through the bloodline of a parent, and this is especially true if there is a history of depression in family members. But whatever the root cause, no matter what it may be, deliverance IS available for that feeling of hopelessness, helplessness and complete defeat.

The truth is that depression is a spiritual condition, and although it manifests itself strongly through our emotions and then affects our mind and body, it must be treated from a spiritual aspect in order to deal with its root. It is an evil work of the enemy of mankind, because his aim from the very beginning of creation has been to destroy what God created in beauty and perfection. **We do not need to fear however, because Jesus said that He came to Earth to destroy the works of the devil (1 John 3:8)**, and this mission He accomplished once and for all

(Continued on page 5)

(Continued from page 4 - Setting the captives free….)

time. Jesus, who came to earth from Heaven in order to save mankind and deliver us from the dominion of Satan, was the only One who could do this because He was 100% God and 100% man. He paid the price on the cross so that you and I can be free from Satan's dominion. Jesus declared in **Luke 4:18: The Spirit of the Lord is upon me, for He has anointed Me to bring Good News to the poor. He has sent Me to proclaim that captives will be released, that the blind will see, that the oppressed will be set free.** Depression oppresses the sufferer.

A third of Jesus' ministry on Earth consisted of casting out devils that were tormenting people. And we read in **Luke 9 verse 1-2: Then He called His twelve disciples together, and gave them power and authority over all devils, and to cure diseases. And He sent them to preach the Kingdom of God, and to heal the sick.**

In **Matthew 10 verse 8** we read that He said to them: **Heal the sick, cleanse the lepers, raise the dead, cast out devils: freely ye have received, freely give.**

After that He sent out seventy disciples, commissioning them in a similar manner, and when they returned we read in **Luke 10 verse 17: And the seventy returned again with joy, saying, Lord, even the devils are subject unto us through thine name.**

Jesus has set us free from sin, sickness and all bondages, including depression. He truly set those who were captive, free, and He still does the same today! This is why the cure for depression lies in treating it spiritually.

TRUST IN GOD

The Good News is that this condition cannot prevail in the face of God's Word which is **Spirit and Life!** Jesus said in **John 6:63-64:The Spirit alone gives eternal life. Human effort accomplishes nothing. And the very words I have spoken to you are spirit and life. But some of you do not believe Me.**

God's Word is the only antidote for the spirit of death and despair. PRAISE THE LORD FOR HIS PROMISES, HIS UNFAILING, INCORRUPTABLE, EVERLASTING WORD THAT IS OUR ANCHOR AND STRENGTH IN ATTACKS SUCH AS THESE! HIS WORD IS OUR SHIELD AND OUR SWORD! IT IS OUR SPIRITUAL MEDICINE!

My son, attend to My Words; incline thine ear unto My sayings. Let them not depart from thine eyes; keep them in the midst of thine heart. For they *are* life unto those that find them, and HEALTH to all their flesh (Proverbs 4:20-22). A Modern translation of the Bible puts it this way: **My child, pay attention to what I say. Listen carefully to my words. Don't lose sight of them. Let them penetrate deep into your heart, for they bring life to those who find them, and healing to their whole body.**

Jesus said to His disciples just before He was crucified, knowing that He was going away:**"I am leaving you with a gift—peace of mind and heart. And the peace I give is a gift the world cannot give. So don't be TROUBLED OR AFRAID" (John 14:27).**

And we read the wonderful promise of the Lord in His Word, that assures us: **For God hath not given us the spirit of fear; but of power, and of love, and of a sound mind (2Tim. 1:7-KJV).** We have the knowledge, directly from God Himself, through His infallible Word, that not only did Jesus leave us peace so that we need not be troubled or afraid, but that we have also been given a **"sound mind"** so that we CAN be free from all fear! God's promises are reliable and valid for all eternity, and we read in **Num. 23:19 : God is not a man, so He does not lie. He is not human, so He does not change His mind. Has He ever spoken and failed to act? Has He ever promised and not carried it through?**

You can trust God completely! When the devil tries to bring fear and anxiety upon you, and tells you that you are "going off your head" or that "you will end up in an institution somewhere", you have to recognise his lies immediately! Let me assure you, that no matter how you may be feeling at that moment, DO NOT BELIEVE HIS LIES! The God we serve is well able to bring you out of the depths of the despair you may be in at this moment. Thoughts of insanity and suicide are NOT an option, not a "way out" of the situation, so do not listen to the devil's lies!

I'll tell you what God says that He has in mind for you, and because He made you and will deliver you and protect you through thick and thin, He has the final say! "**For I know the plans I have for you," says the Lord. "They are plans for good and not for disaster, to give you a future and a hope. In those days when you pray, I will listen. If you look for Me wholeheartedly, you will find Me. I will be found by you, says the Lord. I will end your captivity and restore your fortunes (Jer. 29:11-14).**

You need to start by believing this promise right now. Say it out aloud and trust Him to bring it to pass in your life.

The situation and circum-

(Continued on page 6)

stance that has resulted in the tormenting fear and apprehension you may be experiencing at present, is not too difficult for the Lord to solve! He is a God who desires to give you hope and a wonderful future! He is a miracle working God who opened the Red Sea and sent Manna from Heaven, and nothing is impossible with Him! **For nothing is impossible with God (Luke1:37).**

Do not believe the negative words that Satan whispers in your ear during his times of attack. He is a liar and the father of lies **(John 8:44).** Remember that Satan's aim is to destroy your FAITH in God and His Word, that has been his aim for man from the very beginning, and it has never changed. In fact, he is determined to attack your faith and your trust in God, more than ever before, because as I have already said, he knows his time is running out! We are being tested and tempted by Satan in areas that require determined faith on our part, and Jesus will honour such unwavering faith.

Jesus, speaking of His return, said to His disciples just before He left the earth :**... But when the Son of Man returns, how many will He find on the earth who have faith?" (Luke 18:8)**

Over and over again, Jesus encouraged and comforted His disciples by admonishing them not to be anxious or troubled. He said: **Don't let your hearts be troubled. Trust in God, and trust also in Me (John 14:1).**

This is because He is in control at all times and He loves and cares for you. In **Matt. 14:27** we read, **But Jesus spoke to them at once. Don't be afraid," He said. Take courage. I am here!**

And when Peter floundered whilst walking on the water, we read in **Matt. 14:31 : Jesus immediately reached out and grabbed him. "You have so little faith," Jesus said. "Why did you doubt Me?"** Jesus still reaches out His hand to you today as you feel that you are sinking deeper and deeper and are about to drown. He will catch you and bring you to safety, even when your faith seems to be sinking. Call out to Him, He lives and He will answer your cry for help.

He will touch you today, and speak the same words of encouragement He spoke to His disciples in **Matt 17:7:... Then Jesus came over and touched them. "Get up," He said. "Don't be afraid."**

Jesus assures you that He knows you intimately, after all He created you! He says:

And the very hairs on your head are all numbered. So don't be afraid; you are more valuable to God than a whole flock of sparrows...That is why I tell you not to worry about everyday life—whether you have enough food to eat or enough clothes to wear. For life is more than food, and your body more than clothing. Look at the ravens. They don't plant or harvest or store food in barns, for God feeds them. And you are far more valuable to him than any birds! Can all your worries add a single moment to your life? And if worry can't accomplish a little thing like that, what's the use of worrying over bigger things?.... "So don't be afraid, little flock. For it gives your Father great happiness to give you the Kingdom. ... (Luke 12:7, 22 -26,32).

So don't worry about tomorrow, for tomorrow will bring its own worries. Today's trouble is enough for today (Matt. 6:34).

For those of you who cannot see beyond your present crisis, do not despair, because the Lord has promised to provide for your needs each day, if you will turn to Him and trust Him. Remember that God provided Manna from heaven to feed His people, but they were to collect it fresh each day, and for that day only. The Israelites were instructed to gather the amount that they needed for the day, and if they attempted to collect and store up for the next day's needs, it rotted! The Lord has promised to provide for our daily needs each day as we trust Him to do so! Jesus says..**for your Father knows exactly what you need even before you ask Him! (Matt. 6:8)**

It is a blessed and an exciting life when we walk with Jesus on a daily basis. The Word tells us:

But my God shall supply all your need according to His riches in glory by Christ Jesus. (Php.4:19). You do not have to know exactly HOW He is going to provide for you, all you need to do is BELIEVE THAT HE WILL. So often we try and work out the way in which God could solve our problem. When He does solve it, it often is in a way that we could never ever have imagined He would! Our part is to TRUST Him to do it His way and then begin to thank Him for the pending results. This is not to say that we must stop working diligently at the jobs which the Lord has provided for us, we must continue to do our part, but at the same time know, without a shadow of a doubt, that the Lord will do the impossible!

We read in **Isa. 55:8-11:"My thoughts are nothing like your thoughts," says the Lord. And My ways are far beyond anything you could imagine. For just as the heavens are higher than the earth, so My ways**

are higher than your ways and My thoughts higher than your thoughts. "The rain and snow come down from the heavens and stay on the ground to water the earth. They cause the grain to grow, producing seed for the farmer and bread for the hungry. It is the same with My word. I send it out, and it always produces fruit. It will accomplish all I want it to, and it will prosper everywhere I send it.

Release your burden, whatever it may be, to the Lord, and give no place to Satan's tormenting thoughts. Refuse to allow your EMOTIONS to rule your mind, and do not dwell on those demonically inspired, soul destroying thoughts. Remember that your battle is a spiritual one.

For though we walk in the flesh, we do not war after the flesh: (For the weapons of our warfare *are* not carnal, but mighty through God to the pulling down of strong holds;) Casting down imaginations, and every high thing that exalteth itself against the knowledge of God, and bringing into captivity every thought to the obedience of Christ (2 Cor. 10:3-5). Satan relies on his master plan which is to attack your mind with thoughts. You must strive to keep your thoughts in line with God's Word and continually resist the enemy's lies! That is why **Romans 12:2** tells us: **And be not conformed to this world: but be ye transformed by the renewing of your mind, that ye may prove what *is* that good, and acceptable, and perfect, will of God.**

We renew our mind by getting our thoughts in line with what the Word of God says, and not with what we "see" or how we "feel"!You need to make a quality decision to believe God's Word in every given situation, not doubting, regardless of how things appear before they improve, and not be double minded. Personalise God's promises! When you receive Jesus as your Lord and Saviour and give your heart to Him, you become a child of God, and as His child, your Heavenly Father keeps His promises to you! Decide to walk in the fullness of His inheritance that you have in Jesus Christ, and do not vacillate according to the signs and symptoms, which constantly change. God's Word is consistent, it never changes! The Word of God is based on truth - not feelings, and it gives life, so make a commitment to believe His Word and then act upon it. **Jesus Christ the same yesterday, and today, and forever (Heb. 13:8).**

You **CAN** receive healing from the symptoms of anxiety and mental anguish, and you **WILL** be delivered from that black hole of depression you are in, by dealing with its root through the application of God's infallible Word, which is His prescribed medicine. When a medical doctor, prescribe medicine for a sick patient, knowing that it will bring the required healing if taken as instructed, he expect that patient to comply, firstly by acquiring the medicine, and then secondly by taking the medicine as prescribed. It would do the patient no good whatsoever, if, having received the information necessary to facilitate his healing, he did not bother to acquire the medicine, or, did not take it as prescribed. By the same token, if your Bible is on a shelf somewhere, collecting dust, never opened, never read, it is obvious then that God's Word, His prescribed medicine, cannot achieve that purpose for which it is intended.

UIT ONS KANTOOR

JY MAAK SAAK VIR GOD!



Geliefdes,

Laat ons weereens na 'n sentrale waarheid kyk wat in die gelykenis van die verlore seun geïllustreer word, wat Jesus aan Sy dissipels vertel het in **Luk. 15:11-32.** Die vader was buite om na sy seun te soek en hom terug te bring huis toe. Ander mense het nie nodig gehad om te kom en te sê: "Jou seun het huis toe gekom!" nie, want die eerste een wat dit geweet het was die vader. Hy het dit geweet voordat die res van die familie dit uitgevind het.

God se houding teenoor ons in Christus is soos dit. Ons is nie verworpenes nie. Ons is nie tweedehandse burgers nie. Ons is nie maar net diensknegte nie. Toe die verlore seun terug gekom het, was hy gewillig om 'n dienskneg te wees. Sy vader wou egter niks daarvan hoor nie. Hy het inteendeel gesê: "**Bring die beste kleed en trek hom dit aan, en gee 'n ring vir sy hand en skoene vir sy voete. En bring die vetgemaakte kalf en slag dit, en laat ons eet en vrolik wees. Want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword; en hy was verlore en is gevind" (verse 22 -24).**

Die hele huishouding was omgekeer om die verlore seun te verwelkom. **"Net so"** het Jesus gesê: "**blydskap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor nege en negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie" (vers 7).** Dit is hoe God ons in Christus verwelkom.

Ons kan verklaar, dankie Vader, dat ek U kind is. Ek verklaar dat God my in Christus verwelkom, verheug is omdat ek lewe. In liefde, het my Vader voortbestem om my as Sy seun of dogter aan te neem .

Laat ons verheug wees en jubel omdat ons weet dat Hy lief is vir ons en wees ook verseker van ons liefde vir elkeen van julle! Ons bid vir julle en weet dat Hy verhoor.

Baie dankie vir julle liefde, bemoediging en ondersteuning sodat die Woord uitgedra kan word vanaf die Sentrum.

Meg en die Gebedspan

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is: Stanger Christian Sentrum,
Eerste Nasionale Bank,
53730091667, Kode: 220129

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

God Weet Alles

My Vader weet wat ek nodig het voor ek Hom vra.

Nou verbind met die ewige natuur van God is Sy alwetendheid. In **1 Joh. 3:20**, word ons met 'n diep tog eenvoudige openbaring gekonfronteer: **"God … ken alle dinge."** Daar is niks wat God nie van weet nie. Van die kleinste insek op aarde tot die verste ster in die heelal, daar is niks wat God nie volkome van weet nie.

God weet van dinge oor ons waarvan onsself nie weet nie. Hy weet hoeveel hare elkeen van ons op ons koppe het **(Lees Matt. 10:30).**

God het geweet hoeveel inwoners in die stad Ninive was (**Lees Jona 4:11).**

Hy het geweet en die groei van die plant wat skaduwee aan Jona gegee het beheer. Hy het ook geweet van en beheer gehad oor die wurm wat veroorsaak het dat die plant doodgegaan het **(Lees Jona 4:6–7)**

Die apostel Paulus het geskryf oor die dinge wat **"Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie" (1 Kor. 2:9).** Hy het aangegaan: **"Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God" (vers 10).**

Die Heilige Gees gaan tot in die diepste dieptes en bestyg die hoogste hoogtes van alles wat was, is en sal wees. Sy kennis is oneindig. Dit is in die lig van die oneindige kennis, dat ons elkeen voorbereid moet wees om aan God rekenskap te gee. **"En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het" (Heb. 4:13).**